

# Kategeet werkblad: 15 Mei 2011

---

## Teksgedeelte:

Matt. 5:17-20 en Eksodus 20:1-17

## Agtergrond:

In 'n era, soos die tyd waarin ons leef, waar ons al so vinnig as moontlik gedoen wil hê. Waar ons wonder of daar nie kortpaaie is wat ons kan vat nie. Ons raak keer op keer ontnugter wanneer mense, na wie ons veronderstel is om op te kyk, uitgevang word dat hulle die land se wette oortree het of hulle skuldig gemaak het aan die een of ander ding. Mens kan nogal wonder hoekom die wette vir my nog moet geld, hoekom ek daaraan gehoorsaam moet wees as daar so baie mense om my is wat hulle nie eers aan die verkeersreëls steur nie. Wanneer ons dan die woorde van Jesus in **Matteus 5:17-20** lees, wil dit nie so lekker op die oor val nie. Veral oor ons nog so bietjie van ons ou mondering oor gehou het: "As ek goed doen en die reëls volg, dan moet dit goed gaan."

Die boodskap van die gedeelte wat ons saam gelees het, is egter anders. Dit sê dat Jesus kom wys het dat hy God is en dat hy, as God, nie die wette kom losmaak het nie – hy het dit vervul. Ons kry die opdrag om die wet te onderhou, maar nie sodat dit met ons moet goed gaan nie, eerder omdat God goed vir ons is. Ons bly God se wet onderhou omdat ons daardeur die Koninkryk van God vestig. Dit beteken dat ons respek vir mekaar in verhoudings het en dat ons God se liefde aktief in die wêreld inbring.

## Verwagte uitkoms:

Ons lewe aktief, die lewe is nie net iets wat met ons gebeur nie, want Christus se opstanding maak dat ons anders na die lewe kyk. Ons bring God na ander mense toe. Ons getuienis, deur met integriteit te lewe, bied 'n alternatief tot korrupsie en wanhoop – so word God se Koninkryk sigbaar gemaak. Daarom onderhou ons steeds die 10 gebooië, omdat dit ons wys hoe om God se liefde aan ander te wys – ons doen dit nie sodat ons God se guns kan wen nie maar omdat Hy ons vrygemaak het.

## Aksie:

Lees die Tien gebooië voor aan jou klas (Eksodus 20:1-17)

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

### **Diamant vrae:**

- Waar staan die 10 Gebooie in die Bybel?
- Waar moet ons orals in die lewe reëls volg?
- Noem 'n paar voorbeelde van reëls wat glad nie sin maak nie, hoekom maak dit nie vir jou sin nie?
- Noem 'n paar voorbeelde van reëls wat belangrik is, hoekom is daardie reëls belangrik?

### **Hart vrae:**

- Hoe voel jy wanneer jy die reëls oortree het en jy word uitgevang?
- Hoe voel jy as jy die reëls oortree het, maar jy word nie uitgevang nie?
- Hoekom is dit nodig dat daar in die lewe reëls moet wees?

### **Skoppens vrae:**

- Hoekom is die 10 Gebooie anders as gewone reëls? [Die is 'n baie wye vraag, maar daar kan vir die kinders iets ingebring word dat ons die 10 Gebooie onderhou omdat God ons reeds vergewe het en ons sy kinders gemaak het. Die 10 Gebooie is nie 'n straf of iets wat ons moet doen om by God guns te wen nie, ons is reeds God se kinders. Ons onderhou die 10 gebooie om aan ander mense te wys hoe God se koninkryk lyk – wanneer ons God en ons naaste liefhet kom God se koninkryk duideliker na vore.]
- Wat gebeur wanneer ons nie die 10 Gebooie nakom nie? [Dan skep ons, omdat ons die naam Christene dra, 'n vals beeld van God. Ons vertroebel God se liefde vir ander mense en dit rig skade aan ons verhoudings aan. Ons moet dan eintlik nie net vir God jammer sê dat ons nie na sy beeld opgetree het nie, maar ook aan die persoon wat ons skade aangerig het]

### **Klawers vraag:**

- Wat het jy vandag anders geleer van die 10 Gebooie as hoe jy vroeër daarna gekyk het?
- Dink jy God is kwaai en daarom het Hy vir ons reëls gemaak of is Hy lief vir ons en daarom kies ons om op 'n sekere manier te lewe?